Die Persoonlikheid van die Heilige Gees

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B324A Eng/Afr.

Skriflesing uit: Joh. 16: 1-15; en 14:16,17,26; en 15:26

Kernvers: 13 – 'Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.'

Hierdie onderwerp is van die uiterste belang vir die kind van God om te weet. Ons is geneig om te dink dat alles net uit die hemel moet kom en ons besef nie die realiteit van ons eie soewereiniteit wat ons het in Christus Jesus nie.

God gaan eendag van ons verantwoordelikheid verg voor die regterstoel van God; Hy sou baie onregverdig wees as Hy van my verantwoording eis as Hy nie vir my soewereiniteit gegee het nie. Net soos wat ek my sonde moet bely, en vir Jesus moet aanneem as my Verlosser en Saligmaker sodat ek gered kan word, netso moet ek na die Heilige Gees kyk.

Ons glo aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees en dat al drie Persoonlikhede is. Het u opgelet in die Skrifgedeelte dat Jesus na die Heilige Gees verwys as 'n persoon? Hy praat van Hom as Hy en nie as 'dit' nie.

En Hy sê vir die dissipels as Ek weggaan moet julle nie hartseer wees nie, want ek stuur die Heilige Gees om vir julle die Trooster te wees, omdat hulle baie hartseer was aan die idee dat Jesus moes weggaan. Die Heilige Gees sou Sy volle plek inneem en altyd by hulle wees.

Op die dag van Pinkster het die Heilige Gees Homself aan hulle openbaar en hulle het in ander mense verander…..hulle was vol krag en blydskap en ywer. Die wêreld sou van hulle notisie neem.

En so moet ons ook weer daardie krag in ons lewens kry – maar ons moet die Heilige Gees sien as Persoon en Hom so aanbid; Sy Teenwoordigheid beoefen sodat Hy waarlik 'n werklikheid in ons lewens word.